Viëtnamese handel met die Weste in gevaar stel. Derhalwe het die Viëtnamese Regering weer 'n Christelike byeenkoms toegelaat. Dit wil voorkom of dit die Westerse stemme bietjie stilgemaak het, maar dit het glad nie die ware toedrag van sake agter die skerms verander nie. Daar is steeds godsdienstige vervolging.

"Dis om hierdie rede dat ons Viëtnamese kontak gesê het dat as hulle nie versigtig is met die verspreiding van die 20 000 Bybels vir dorpies wat ons gedruk het nie, die Bybels gekonfiskeer en vernietig kan word deur die plaaslike polisie in die landelike gebiede waar die Christene woon. Derhalwe kon ons kontak nie baie pastore laat byeenkom vir geleenthede waar hulle die Bybels kon ontvang nie. In plaas daarvan het hy van dorpie na dorpie gegaan om 'n paar bokse Bybels vir elke klein dorpskerkie te gee. Dit het byna 'n jaar geneem om af te handel."

Die nood vir Bybels in Viëtnam is steeds baie groot. Bybels word tans gedruk en planne word beraam om hierdie Bybels te gaan versprei in die komende maande.

**Bid** asseblief vir wysheid, insig en God se beskerming terwyl hierdie projek steeds voortgaan.

## FAMILIE NUUS

Dankie vir julle gebede vir Shinji en Rieko. Shinji is op 30 Mei oorlede. **Bid asseblief** vir Rieko en die res van die familie.

Baie dankie vir julle gebede vir die Zimmerman-gesin. Hulle tweede baba, Ethan, is op 2 Junie gebore.

Ons waardeer julle gebede vir Dawid en Sue Verwey se deputasiebesoek aan die suidelike provinsies van Suid-Afrika. Dit was 'n geseënde tyd hul het veilig gereis.

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of 'n debietorder kan gebruik word.

Slakke pos kom onafgelewer terug. Sal u assblief so gaaf wees om 'n e-pos te stuur indien u enige navrae of van adres verander het?

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**DAWID EN SUE BEPLAN OM DIE NOORDELIKE PROVINSIES IN RSA IN OKT EN NOV 2026 TE BESOEK. Kontak ons gerus indien u 'n besoek wil beplan of 'n vergadering wil reël.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

*(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08*

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

GEROEP OM TE DIEN

**JULIE/AUGUSTUS 2026**

## DIE GENADE VAN GOD



**Cameron, Gretchen, Sayler & Thomas Wright**

Cameron en Gretchen Wright van die VSA het in Augustus 2025 as sendelinge by Japansending aangesluit. Saam met hulle was hulle eenjarige dogtertjie Sayler. Gretchen het in Januarie 2026 geboorte geskenk aan 'n gesonde babaseuntjie, Thomas. Cameron het onlangs sy getuienis met ons gedeel.

"Ek is gebore en het grootgeword in Memphis, Tennessee. Memphis is geleë binne die ***Bybelstreek*** van Amerika, 'n gebied wat bekend was vir sy streng sosiale en kulturele aanvaarding van Christenskap. Daar was 'n kerk op amper elke straathoek, en geloof in God was die kulturele norm. Ek het grootgeword in 'n Christelike gesin, 'n Christelike kerk bygewoon en na 'n Christelike skool toe gegaan. My hele lewe is gevul met Christelike dinge.

"As gevolg van al hierdie dinge het ek aanvaar ek is 'n Christen. Dit was eenvoudig omdat almal om my Christene was. Ek het dinge gedoen wat ek gedink het 'n Christen behoort te doen: om kerk toe te gaan, om 'n goeie mens te probeer wees en verkeerde dinge te vermy. "My begrip van 'n verhouding met God was gebou om die persepsie dat ek goed genoeg vir Hom moet wees. Ek het geglo dit het alles gegaan rondom die doen van die regte dinge om seker te maak ek sal hemel toe gaan. derhalwe het ek probeer om vloekery, drinkery, rokery, of enigiets anders wat ek gedink het God nie mee tevrede sou wees nie, te vermy. Volgens my wete sal ek as ek al die regte dinge doen, hemel toe.gaan.

**Verteenwoordigers in Japan: DAVID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY,**
**NARA KEN, 630-0266, JAPAN**

**Tel: 0081-743731754 • www.japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Tel: (012) 377-1533 • Sel: 078 306 9839**
**sa@japanmission.org**

**Indien u verslae en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**"Ons ondervind pos word nie afgelewer nie. Stuur asb 'n e-pos na japansendingrsa@gmail.com indien ons die nuusbrief elektronies kan stuur."**

"Eers toe ek 'n junior in die hoërskool was, het dinge verander toe ek gekonfronteer is met 'n vers in Efesiërs 5:4:***'Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee dank aan God pas by julle'.***

"Hierdie is heel waarskynlik nie die eerste vers wat iemand sou verwag om gebruik te word om iemand tot geloof in Christus te bring nie, maar toe ek dit lees, is ek getref deur 'n hele ton stene.

"Alhoewel ek geglo het dat ek op die regte manier my Christelikheid uitleef, het ek nogtans vuil taal gebruik. Party mense sou dit kleedkamergesprekke genoem het.

Die grappe wat ek gemaak het en die dinge wat ek gesê het, was kru en tot oneer van die Here. Daardie tyd het ek gedink dit was aanvaarbaar, omdat ek nooit persoonlik iets in die Bybel gelees het wat daarteen was nie.

"Maar toe ek Efesiërs 5:4 ontdek, was ek geskok om te besef dat iets wat ek gedoen het vir so 'n lang tyd en so dikwels werklik verkeerd was.

"Ek het gedink ek leef op 'n heel aanvaarbare manier voor God, net om te ontdek dat ek die hele tyd in ongehoorsaamheid gelewe het. Hierdie besef het my diep besorg gemaak en my gelaat met die belangrike vraag : As ek so verkeerd was hiermee, waaroor anders was ek nie dalk ook al die tyd verkeerd nie?

"Die Here het daardie vers gebruik om my hart aan te raak en dit het aanleiding gegee tot 'n dieper soeke na wat 'n ware verhouding met Hom was. Wat Hy begin het om vir my te wys, is dat 'n verhouding met God nie bloot 'n kontraktuele ooreenkoms is wat gebaseer is op die doen van genoeg goeie dinge om in die hemel te kom nie. Dis eerder 'n persoonlike verhouding met God deur sy Seun, Jesus Christus, wat reeds daardie doel bereik het, wat ek nooit sou kon doen nie. Daarby, gehoorsaamheid kom uit 'n dankbare hart in antwoord op wat Christus vir my gedoen het, eerder as om kontraktueel verplig te voel.

"Dit was die keerpunt wat gelei het tot my oorgawe aan Christus en my te onderwerp aan Hom as Here. Van daardie oomblik af was my begeerte nie langer om God se guns te verdien nie, maar om te lewe in antwoord op sy genade.

"Sedertdien is my lewe 'n groeiproses tot heiligmaking en 'n bewuswording van my sondigheid en swakheid. Terselfdertyd groei ek in my bewuswording van my afhanklikheid van Jesus, sy liefde vir my en my vertroue ín Hom.

"In Oktober 2021 het die Here Gretchen in my lewe gebring. Ons het mekaar die eerste keer ontmoet by 'n byeenkoms van ons plaaslike gemeente. Dit het nie lank geneem om ons verhouding aan die gang te kry nie, want ons het twee maande later verloof geraak en drie maande daarna getrou.

"Kort na ons huwelik het ons beide begin belangstel in die sending. Ek het die Junior Jeugleraar van ons plaaslike gemeente geword en Gretchen het die graad 8-onderwyser in Nuwe Testament by die plaaslike Christelike skool geword. Gretchen het my ook as 'n vrywillige leidster by die Junior Jeugbediening gehelp. Dit was toe dat ons regtig baie lief geword het vir sendingwerk.

"Dit was juis in hierdie tyd wat ons gevoel het dat die Here ons lei om sendingwerk oorsee te oorweeg. Gedurende die volgende twee jaar het ons baie tyd daaraan bestee om sy wil deur gebed, sy Woord, en wyse oorlegpleging te soek, terwyl ons op 'n beroep van 'n oorsese sendingstasie gewag het. Gedurende hierdie twee jaar het ons gevoel die Here bevestig ons roeping na oorsese sendingstasies, en gee Hy ons 'n hart vir die Japannese mense.

"Terwyl ons die tyd gebruik het om te leer van hulle kultuur, gepraat het met verskillende organisasies en ons al hoe meer van Japan se geestelike gesteldheid begin verstaan, het ons in kontak gekom met Japansending, 'n organisasie wat daarop gekonsentreer het om die plaaslike Japannese kerk te ondersteun en die verlorenes te evangeliseer. Gedurende Mei 2024 het ons 'n kort navorsingsreis na Japan onderneem en om ook Japansending te besoek.

"Toe ons die span by Japansending ontmoet het, was ons dadelik getref deur hulle sagmoedigheid en gasvryheid. Hulle was ongelooflik opreg en bedagsaam teenoor mense wat hulle nog nooit tevore ontmoet het nie, wat ons met 'n baie goeie eerste indruk gelaat het.

"Gedurende ons tyd by hulle kon ons die span ontmoet en verskeie van hulle plaaslike evangeliebedienings waarneem. Ons het vol moed en opgewonde teruggegaan met die wete wat God besig was om deur Japansending te doen om die Japannese mense te bereik deur hulle samewerking met die plaaslike kerk.

"Kort daarna het Japansending ons gekontak oor 'n posisie wat oopgegaan het wat hulle geglo het ons uitstekend sal pas. Nadat ons 'n tydjie geneem het om daaroor te bid en deeglik die geleentheid oorweeg het, het ons die pos aanvaar."



## GEBEDSVERSOEK

Cameron (28) en Gretchen (29) Wright het in Augustus 2025 saam met hul een jaar oue dogtertjie Sayler, by Japansending aangesluit. Hulle het die geleentheid gehad om met baie mense vriende te maak en hul rede te deel waarom hulle na Japan gekom het. Hulle het ook 'n impak op baie studente se lewens en die ouers gemaak, terwyl hulle die Engelse Evangeliese Program aangebied het.

In Januarie 2026 het Gretchen geboorte geskenk aan Thomas. Dit het hulle die geleentheid gegee om aan 'n heeltemal ander gemeenskap getuienis te lewer, deurdat hulle met baie dokters, verpleegsters en hospitaalwerkers te doen gekry het.

**Bid** asseblief dat God steeds sal voortgaan om die Wrightgesin te seën en te beskerm, terwyl hulle elke geleentheid gebruik om te getuig teenoor hulle met wie hulle in aanraking kom.

## NUWE INLIGTING OOR VIËTNAM

Japansending gaan voort om saam met sendingvennote te werk om Bybels beskikbaar te stel in Sjina, Noord-Korea en Suidoos-Asië. Ons het onlangs die volgende verslag gekry van een van ons vennote wat Bybels druk en versprei in Viëtnam.

"Baie Westerse lande het verskillende idees oor die situasie in Viëtnam. Dit is verstaanbaar, aangesien dit gekompliseerd is. In Januarie 2007 het Viëtnam 'n ooreenkoms van die Wêreld-handelsorganisasie (WHO) onderteken, waarin Viëtnam toegestem het tot godsdienstige vryheid.

"Kort na hierdie WHO-ooreenkoms geteken is, het Viëtnam Westerse evangeliste toegelaat om openbare buitelug-byeenkomste te hou in Hanoi en Saigon, die twee grootste stede in Viëtnam. Maar wat nie gesien word deur die internasionale gemeenskap nie is wat agter die skerms gebeur. Toe ons naby Hanoi was, het plaaslike mense wat by die byeenkoms in Hanoi was vir ons vertel dat toe ons teruggegaan het na ons dorp toe, het die polisie gekom en hulle het geweet ons was by die byeenkoms. Die polisie het hulle baie streng verbied, 'Daar sal nie Christenskap in hierdie dorpie toegelaat word nie'.

"In die laaste paar jaar is Viëtnam teruggeplaas op die lys van godsdienstige vervolging. As dit bewys kon word, sal dit die